higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

3 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Programmeerbare besluit
1.1.2 Wiskundige tegniek
1.1.3 Finansies
1.1.4 Werkstudie
1.1.5 Munisipale raad
1.1.6 Grafiese tegnieke
1.1.7 Personeelvoorsiening
1.1.8 Aanspreeklikheid
1.1.9 Beplanning
1.1.10 Beheer

(10 × 2) (20)

1.2
1.2.1 G
1.2.2 D
1.2.3 E
1.2.4 A
1.2.5 B

(5 × 2) (10)

1.3
- Skriftelike verslae✓ is baie algemeen in die openbare sektor. Dit lewer bewys dat werk uitgevoer is✓ en moedig werkers aan om noukeurig en presies te werk.
- Persoonlike inspeksie✓ vind plaas in die werklike werkomgewing.✓ Die nadeel daarvan is dat dit gebeur nadat 'n foutiewe handeling plaasgevind het. Inspekteurs moenie slegs op soek wees na foute nie, maar ook regstellende maatreëls toepas waar hulle tekortkomings aantref.
- Ouditering✓ vind plaas nadat 'n transaksie plaasgevind het.✓ Dit is gemoeid met die wetlike korrektheid van transaksies en verhoed enige onregmatige transaksies.
- Statistiese verslae✓ word bykomend tot finansiële ouditering gebruik.✓
- Die byhou van daaglikse lêers✓ word gedoen om te kontroleer of profielvorms of template, briewe en korrespondensie aan die vereistes van die departement voldoen.✓ (5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Amptelike medium✓ om die publiek oor die aktiwiteite van openbare instellings in te lig.✓ (2)

2.1.2 Staatsdrukker (2)

2.1.3 Pretoria (2)

2.1.4
- Die provinsiale uitvoerende gesag het 'n grondwetlike plig om alle nasionale wetgewing te implementeer.
- Die nasionale regering het die bevoegdheid om in te gryp wanneer 'n provinsie nie sy verpligtinge kragtens wetgewing kan nakom nie of versuim om dit te doen.
- Die nasionale regering kan ingryp deur enige toepaslike stappe te doen.
- Hierdie stappe sluit in die uitreiking van 'n direktief wat die stappe uiteensit wat nodig is om die verpligting na te kom of verantwoordelikheid vir die toepaslike verpligting te aanvaar.
- Die kennisgewing van ingryping moet by die NRP ingedien word binne 14 dae vanaf sy eerste sessie nadat die ingryping begin het.
- Die kennisgewing moet vergesel word deur 'n memorandum wat die redes vir die ingryping verduidelik.
- Die voorsitter van die raad behoort die saak te verwys na die gekose komitee wat vir grondwetlike sake verantwoordelik is.
- Die komitee behoort ondersoek in te stel of die ingryping noodsaaklik was, en binne 10 dae aan die raad verslag doen.
- Die komitee se verslag behoort aanbevelings te bevat en op die agenda geplaas te word vir oorweging. (Enige 5 × 2) (10)

2.2
- Meublement en toerusting behoort met die minste moeite en koste verkry te word.
- Instellings is daarvoor verantwoordelik om geskikte meublement en toerusting te voorsien.
- Dit behoort teen skade beskerm te word.
- Instellings moet werkprosedures vestig.
- Elke beampte behoort te weet hoe om meublement en toerusting te gebruik en daarvoor te sorg.
- Geskikte onderrig en opleiding word benodig om meublement en toerusting te koop. (Enige 5 × 2) (10)

2.3
- Fasilitering of befondsing van opleidingsprogramme
- Verskaffing van tegniese bystand en mentorskap
- Reëling van uitruilprogramme
- Verskaffing van bystand met munisipale geïntegreerde ontwikkelingsplanne
- Fasilitering van gedeelde leer tussen munisipaliteite (5 × 2) (10)

2.4
- Die stel van standaarde
- Die meting van prestasie of werkverrigting teen vasgestelde standaarde
- Evaluering van afwykings van die prestasiestandaard
- Stappe wat gedoen word om die saak reg te stel

(Ken punte toe vir antwoorde wat nie in volgorde is nie.) (4)
[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 'n Tender is 'n formele aanbod om teen 'n bepaalde prys goedere te verskaf of 'n taak te verrig. (2)

3.1.2
- Provinsiale regering speel 'n sleutelrol in die monitering van die werksaamhede van plaaslike regering.
- Die Grondwet verplig die provinsiale regering om die ontwikkeling en bevoegdheid van die plaaslike regering te bevorder.
- Wetsontwerpe wat die status, instellings, bevoegdhede of funksies van plaaslike regering beïnvloed, moet in die Staatskoerant gepubliseer word om belanghebbende partye uit te nooi om vertoë te rig.
- Munisipaliteite vaardig verordeninge of regulasies uit vir die doeltreffende administrasie van aangeleenthede waaroor hulle beheer het.
- Verordeninge/regulasies word as ongeldig beskou indien hulle strydig met nasionale of provinsiale wette is.
- Nasionale en provinsiale regering kan take aan 'n munisipaliteit delegeer indien dit bevoeg is om dit te doen.
- Delegering van provinsiale aan plaaslike regering behoort die resultaat van 'n provinsiale uitvoerende raad se beslissing te wees.
- Die premier kan die munisipaliteit aanraai om 'n sekere handelswyse te volg of dit belet as die beleid nie die gemeenskap se welstand sal verbeter nie. (8 × 2) (16)

3.2
- Vermy dit om te veel verskillende werksprosedures te hê.
- Verseker dat beamptes daarop fokus om die doelwitte van die organisasie te bereik.
- Verseker dat werkopdragte wat aan individue gegee word duidelik en maklik verstaanbaar is.
- Verseker doeltreffende en bekwame werkverrigting.
- Verduidelik beleidsdoelwitte aan werknemers.
- Verseker eenvormigheid en geïntegreerde optrede waar meer as een instelling betrokke is.
- Maak werknemers op 'n ordelike wyse bewus van nuwe werksprosedures.
- Verseker dat kodes en opleidingshandleidings behoorlik uiteengesit word.
- Verseker dat werksprosedures op 'n ordelike wyse bestudeer en hersien word.
- Verseker dat spesifieke instruksies voorsien word oor hoe om bevoegdheid of gesag te delegeer.
- Verseker dat die publiek ingelig is oor hoe om die dienste wat aan hulle voorsien word ten beste te benut. (Enige 7 × 2) (14)

3.3
- Of inkomste wat verskuldig is, ingesamel is
- Of besteding aangegaan is in ooreenstemming met parlementêre opdragte
- Of rekeningkunde vir finansiële transaksies akkuraat en volledig is en wette nakom
- Of tersaaklike wette, reëls en instruksies nagekom is
- Of growwe onbekwaamheid vermy is en maatreëls om dit te voorkom gevestig is (Enige 4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1

PRIVATE SEKTOR	OPENBARE SEKTOR
• Besluite gerig op maksimering van wins • Begrotings dui op steeds groeiende winste • Voldoen aan die bepalings van wetgewing • Gebruik kapitaal van aandeelhouers • Besluite word deur die mark voorgeskryf	• Verbeter die openbare welsyn van gemeenskappe • Begrotings toon gebalanseerde besteding • Pas wetlike bepalings toe • Gebruik belastingpligtiges se geld • Besluite word deur die belangrikste politieke gesag voorgeskryf

(5 + 5) (10)

4.2
- Sluit massamedia soos koerante, radio en TV in
- Berig oor openbare sienings en verbind burgers met die staat
- Wydverspreide openbare beleide en openbare sienings
- Hou politieke en uitvoerende instellings verantwoordbaar deur debats-forums te verskaf
- Mediaverslae behoort akkuraat en op feite en kennis gebaseer te wees

(Enige 3 × 2) (6)

4.3
- Beplan
- Organiseer
- Kommunikeer
- Inspireer
- Koördineer
- Beheer (Enige 5 × 2) (10)

4.4
- Konformisme✓ – bestuurder volg reëls na,✓ verwag van personeel om formeel te wees,✓ laat nie afwykings toe nie,✓ verseker take word ooreenkomstig die wet uitgevoer✓
- Determinisme✓ – bestuurder het algehele gesag oor besluitneming,✓ vertrou nie werkers nie en gee bloot opdragte,✓ glo wat hy/sy doen korrek is,✓ is outokraties✓
- Dialektisisme✓ – bestuurder hou van vergaderings,✓ raadpleeg die span en die publiek voordat besluite geneem word,✓ gee ondergeskiktes outonomie om take te voltooi✓ (14)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1

- Hulle gee regsraad aan staatsdepartemente.
- Hulle staan staatsdepartemente en provinsiale administrasies by met die opstel van wetsontwerpe.
- Hulle help met die deurvoer van wetsontwerpe deur die parlement.
- Hulle adviseer staatsdepartemente oor die vertolking en inwerkingstelling van regsvoorskrifte.
- Hulle verdedig beamptes van staatsdepartemente en provinsiale administrasie in strafhowe wanneer aanklagte uit die nienakoming van hul ampspligte spruit. (Enige 4 × 2) (8)

5.1.2

- Howe het die bevoegdheid en reg om die wettigheid en geldigheid van handelinge deur uitvoerende instellings te bestudeer.
- 'n Verontregte burger mag 'n siviele saak aanhangig maak indien sy/haar regte geskend is.
- Verhore is oop vir die publiek.
- Howe kan slegs die skuldige party uitwys. Hulle kan nie gedrag korrigeer nie. (4 × 2) (8)

5.2

- Behoeftes van mense✓ – die ekonomie en behoeftes van mense verander voortdurend. Gevolglik moet openbare instellings beleide, werksprosedures en metodes verander om tred te hou met die veranderinge in die samelewing.✓
- Tegnologiese vooruitgang✓ – rekenaars en selfone is enkele voorbeelde; nuwe prosedures moet ontwerp word om te leer hoe om nuwe sagteware- en hardewarerekenaarstelsels te bedryf.
- Wetenskaplike vooruitgang✓– openbare instellings neem gegradueerdes met hoër opvoedkundige agtergrond indiens;✓ nuwe werksvelde vereis 'n groter aantal professionele en tegniese werknemers.
- Ontwikkeling van die administratiewe en bestuurswetenskappe✓ – toesighouers wat administratiewe en bestuursfunksies uitvoer, moet opgelei en ontwikkel word; ✓ openbare instellings huur nou werkstudiebeamptes.
- Voorkoming van teenstrydighede/diskrepansies, afwykings en verouderde metodes✓ – aanpassings moet gemaak word op soortgelyke terreine om duplisering en oorvleueling van aktiwiteite te vermy.✓ (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.3
- Onderwys beslaag gewoonlik die grootste stuk van die begroting.
- Die staat is verantwoordelik vir die voorsiening van onderwysdienste aan alle afdelings van die bevolking.
- Skole, universiteite en kolleges word deur die departement van onderwys befonds.
- Take wat onderneem word, sluit in voorsiening van skole, biblioteke en universiteitsgeboue.
- Gekwalifiseerde personeellede word aangestel.
- Provinsiale wetgewer en staat behartig onderwyssake onderhewig aan 'n nasionale beleidsraamwerk.
- Die nasionale departement van onderwys formuleer beleid, stel norme en standaarde vas en monitor en evalueer alle vlakke van onderwys.
- Die departement befonds ook studente deur middel van die Nasionale Studente-Finansiële Hulpskema (NSFAS). (Enige 6 × 2) (12)

5.4 Toesighouers onderhandel dikwels met verteenwoordigers van ander instellings✓ en moet opgelei en ontwikkel word om onderhandelingsaktiwiteite uit te voer.✓ (2)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou